

16 April

Skrifgedeelte: Deuteronomium 32:1-47

Fokusgedeelte: Deut 32:12

Ek en God altyd 'n meerderheid!

Ons is besig om 'n pad met opdraandes en vol slaggate en afgronde te loop. Hy wat dink dat daar weer rustige tye sal kom, leef in 'n waan. Ons leef immers in die eindtyd. Maar hoe onrustig ook al, nooit kan dit 'n tyd wees waarin God nie teenwoordig is nie. Waar kry jy groter ongemak en moeite as by Israel tydens hulle veertigjarige woestyntog.

Tog was die Here altyd daar. Bedags is hulle deur 'n wolk beskerm teen die woestynson en snags verlig die warmte van God se vuurkolom hulle. Vers 10 teken die woestyn as bar en skrikwekkend. Tog was God daar – soos die arend by sy kuikens (vs 11). God se ontsaglike sorg en bemoeienis is duidelik. Dit was 'n onmenslike taak, maar tog is hulle versorg (vs 13).

Vers 12: “So het die Here, net Hy alleen, sy volk gelei. Daar was nie 'n ander God by Hom nie.” Hy het nie 'n afgod gaan vra om te help nie. Nee, Hy was alleen, want daar is nie 'n ander god nie en God het nie hulp nodig nie. Hy word nie moeg of mat nie (Jes 40).

'n Bo-menslike taak is vir Hom nie bo-goddelik nie. Selfs ons sonde was nie vir Hom 'n verhinderende nie. Die kruisdood en graf van Jesus het ook nie sy hande lam gemaak nie. Die onpeilbare bloutes daarbo het Hom nie teruggehou om deur Jesus vir ons 'n pad oop te maak nie. Moet dan nie in hierdie tyd so kla en murmureer nie. Moenie jou iewers gaan versteek nie. Moenie so radeloos word dat die senuklinieke oorvol word en die drankinrigtings te klein word nie. Die Here staan wel alleen, maar juis dít maak Hom God en jy en Hy is altyd en teen enige iemand 'n meerderheid.

Sing: Psalm 49:2 (melodie Ps 2)

Ds LD Aucamp (Cullinan)